Hoe om vir in stad/dorp te bid

Die grootste gedeelte van die wêreldbevolking bly vandag in groot stede. Teen die jaar 2010 sal drie uit elke vier persone in stede woon. Groot stede en selfs dorpe het elkeen hul eie karakter, samestelling en eie geskiedenis. Hoe bid ek vir die dorp/stad waarin ek bly? Daar is twee boeke wat ‘n moet is om te lees, indien jy werklik vir jou stad/dorp voorbidding wil begin doen. Die een is **Taking our cities for God** deur John Dawson en die ander een is **Breaking strongholds in your city** deur C. Peter Wagner.

In **Jeremia 29:7** sê die Here vir die volk Israel dat hulle vir die stad Babel moet bid: *Bid tot my vir daardie stad, want sy belange is ook julle belange.* Dit was ‘n heidense en goddelose stad. Tog beveel die Here die volk om vir daardie stad te bid. Baie mense sien die stad net as ‘n bose en goddelose plek, maar die stad kan die plek word waar die heerlikheid van God op ‘n besondere manier tot uitdrukking kan kom.

1. Voordat jy sinvol vir ‘n stad kan begin bid, moet jy eers navorsing doen. Die heel beste is as ‘n hele span navorsers kan begin werk aan die versameling en kategorisering van inligting. Die belangrikste aspekte waaroor daar inligting nodig is, is die volgende:
    - die ontstaansgeskiedenis van die stad, die stigter en historiese verloop;
    - watter kerke is daar en hoeveel mense is kerklik betrokke?
    - watter sektegroepe is daar?
    - watter vals godsdienste is aktief en is daar enige tempels of aanbiddingsplekke?
    - wat is die bestaansdoel van die stad en waarvoor is die stad veral bekend?
    - watter besondere sosiale groepe is daar in die stad?
    - hoe lyk die bevolkingsamestelling?
    - watter sosiaal-maatskaplike tendense is daar te bespeur?
    - wie is tans die prominente figure (BBP’s) in die stad?
    - is daar sekere instansies of persone wat die ekonomie van die stad beheer?
    - enige ander relevante inligting.

Hierdie inligting is nodig om werklik sinvol vir ‘n stad te kan bid, om te kan vasstel waar die magte van die Bose vestings en vashouplekke het. Moenie vinnig by hierdie punt verby beweeg nie. Doen deeglike werk hier en jy sal jouself jare se doellose en vrugtelose gebed bespaar.

2. Daar is gebiedsgeeste wat in sekere geografiese areas bly en werk. Daar is spesifieke bose geeste wat in elke stad werk. Daardie bose geeste en hulle vestings (asook dit wat hulle die reg gegee het om daardie vestings op te rig) moet geïdentifiseer word, sodat daar vir die verbreking van hierdie vestings gebid kan word.
3. Lees die plaaslike koerante en bly op hoogte met wat aan die gang is in jou stad sodat jy kan weet waarvoor om te bid.
4. Begin om gebedsgroepe te stig om sistematies vir die stad voorbidding te doen.
    - Dit sal nodig wees om skoling te gee oor geestelike oorlogvoering en voorbidding. Voorbidders moet leer om vanuit hulle gesagsposisie in Christus te bid en te staan teen die vestings van die Bose.
    - Moenie dink jy kan ‘n stad alleen aanpak nie. Probeer om soveel moontlik kerke en veral gebedsgroepe by hierdie saak te betrek.
    - Bid veral vir ‘n geskikte persoon om leiding te neem met die hele gebedsaksie en om dit te koördineer,
    - Mobiliseer soveel as moontlik persone en groepe om te bid.
    - Moet nooit probeer om ander gebedsgroepe te kaap nie; laat hulle elkeen

hierdie karakter behou, maar vra hulle om saam te bid vir hierdie saak.

- Die beginsel van gebedsdrielinge kan baie effektief wees om persone betrokke te kry by voorbidding vir die stad.

5. Gebruik **2 Kronieke 7:14** om vir die stad en sy mense te bid.
"*... en my volk oor wie my Naam uitgeroep is, toon berou en bid en vra na my wil en draai terug van hulle bose weë af, sal Ek luister uit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land laat herstel."*
6. Bid vir die geestelike leiers van die verskillende kerke in die stad.
7. Bid vir alle persone in beleidmakende- en gesagsposisies in die stad.
Die volgende terreine is ter sake:
   - politiek;
   - media;
   - godsdiens;
   - kultuur;
   - ekonomie of sakesektor;
   - regspraak;
   - beskermingsdienste (polisie en gevangenis);
   - gesondheidsdienste (dokters, hospitale);
   - opvoedkunde (skole, kolleges, universiteite);
   - kuns, vermaak en sport;
   - munisipaliteit;
   - regeringsdiens.
8. Die leiding van die Heilige Gees is uiters belangrik in hierdie saak - Die Here het 'n plan en strategie vir die stad. Maak seker dat jy/julle hoor wat Gód se strategie is en volg dit na. Normaalweg moet daar eers gewerk word aan eenheid tussen die kerke en die heiliging van die kerke voordat die stad vir God bereik kan word.
Moenie optree voordat jy/julle nie duidelike leiding van die Here het nie. Hierdie is nie kinderspeletjies nie. Moenie links en regs magte van die Bose begin bestraf en outoriteit oor hulle probeer neem voordat die oorwinning nie behaal is en die Heilige Gees julle lei om dit te doen nie.
9. Bid vir die Gees van gebed en smeking. Kyk veral na gedeeltes soos **Esegiël 22:30-31** en **Jesaja 62:6-7**. Jy kan nie vir die stad bid as jy nie die stad en sy mense liefhet nie. Vra die Here om iets van John Knox se gebed in jou hart te plaas toe hy gebid het: *"Lord give me Scotland or I die!*
"...sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge" **(Sag.12:10)**.
"Ek het wagte op jou mure uitgesit, Jerusalem, hulle sal dag en nag roep. Julle, wat die Here aan sy beloftes moet herinner, julle moenie stilbly nie totdat Hy Jerusalem herstel het, totdat Hy die hele wêreld die roem van Jerusalem laat sing het" **(Jes.62:6-7)**.
"*Ek het iemand tussen hulle gesoek wat 'n muur sou bou en vir die stad in die bres sou tree dat dit nie vernietig word nie, maar ek het niemand gekry nie*" **(Eseg.22:30)**.
10. Vas en gebed sal uit die aard van die saak nodig wees wanneer jy vir 'n stad begin bid.
11. Let veral op vir vestings van die Bose op die volgende terreine:
    a) Politieke (regering/owerheid) vestings - Satanies geïnspireerde wette.
    b) Kulturele vestings - Satanies geïnspireerde houdings en gesindhede.
    c) Godsdienstige vestings - Satanies geïnspireerde geloof (Sektariese vestings/okkultiese vestings/New Age vestings/Hindoeïsme/Boeddhisme ens.)
    d) Materiële vestings - Satanies geïnspireerde ideale.
    e) Ideologiese vestings - Satanies geïnspireerde filosofieë en politieke sisteme (Kommunisme/ Humanisme/ Materialisme)
    f) Persoonlike vestings - Satanies geïnspireerde leefwyse (Persoonlike sonde/Gedagtes/Gevoelens of emosies/ Houdings/ Gedragspatrone).
    g) Sosiale vestings - Satanies geïnspireerde gedragspatrone.